DAG-TOT-DAG GEBEDSGIDS

Donderdag 1 Mei 2008
10 Dae van dag-en-nag gebed: Dag 1
Jaag die koninkryk van Christus na: *Vir die vernuwende krag van Christus se koninkryk*

Rakende: *Geestelike duisternis, kerklike verdeeldheid, ekonomiese verdrukking*

- Dat die harte van God se mense sal brand met liefde en lojale gehoorsaamheid aan Jesus as die Koning en Here oor almal.
- Dat die goedheid en heerlikheid van Christus se koninklike liefde deur baie mense regdeur die stede ervaar sal word.
- Dat Christus Gelowiges sal bring om in stede te woon waar deurbrake van seën nog nie plaasgevind het nie. Bid dat hulle met geduld sal streef na die beloofde seën van Christus se koninkryk in moeilike plekke.
- Dat die krag van Christus se liefde blywende verandering regdeur gemeenskappe sal bewerk.

… as my volk … (**2 Kron.7:14**).
Maak gereed om God as Sy volk te ontmoet: Stel jouself voor God as Sy dienaar, gekoop deur die dood van Christus. Antwoord op Sy roeping om Hom saam met ander te dien. Bid dat baie ander as gesinne, kerke en een volk uit alle nasies voor Hom bymekaar sal kom.

Ná Sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat. Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: "Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het" (**Hand.1:3-4**).

Vrydag 2 Mei 2008
10 Dae van dag-en-nag gebed: Dag 2
Neem toe in eendragtige gebed: *Vir volgehoue bewegings van eendragtige gebed*

Rakende: *Biddeloosheid, okkulte praktyke, materialisme*

- Dat God ons in "eensgesindheid" (**Hand.1:14, 2:46, 4:24**) in gebed sal verenig, en ons sal bemagtig om met passie saam te bid vir Christus se verheerliking in die hele wêreld.
- Dat God die gebed van die armes, jonges en uitgeworpenes sal hoor en verhoor en deur hulle lof verheerlik sal word.
- Dat die Gees van God Gelowiges sal inspireer en bemagtig om spesifieke seëninge op hulle vriende en bure af te bid.
- Dat mense regdeur ons gemeenskappe soos nog nooit tevore nie beweeg sal word om tot God te roep vir Sy hulp.

… oor wie my Naam uitgeroep is … (**2 Kron.7:14**).
Berei voor om tot Sy eer te lewe: Bely die maniere waarop ons moontlik oneer vir ons God gebring het. Laat staan jaloesie en nietige ambisies. Hunker opnuut daarna dat Sy eer in ons lande groot sal wees.

Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by (**Hand.1:14**).

Saterdag 3 Mei 2008

10 Dae van dag-en-nag gebed: Dag 3

Om met die Heilige Gees vervul te wees: *Dat God Sy Gees op almal sal uitstort*

Rakende: *Intellektuele hoogmoed, demoniese verdrukking, geestelike blindheid, depressie*

- Dat God Sy Gees sal uitstort op elke persoon wat op die aarde leef
- Dat die Kerk opnuut met God se Gees vervul sal word, en bemagtig sal wees om as Christus se dienaars in die wêreld te getuig
- Dat die Gees van God Jesus sal openbaar aan hulle wat in geestelike duisternis verkeer
- Dat die Gees van God die nasies sal opwek om Sy stem te hoor en Sy werke te aanskou (**Hand.2:33**).
- Dat baie mense deur Gees-gegewe drome geroer sal word om visioene te sien van die lewende Jesus aan die werk in hulle lewens.

… toon berou … (**2 Kron.7:14**).

Maak gereed om God in gebrokenheid te ontmoet: Nooi God om ons verharde harte te versag. Erken jou gebrokenheid. Aanbid die uitnemendheid van Jesus met nuwe ontsag en verwondering. Beoefen nederigheid deur die eer van ander te soek.

Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom (**Hand.2:17**).

Sondag 4 Mei 2008

10 Dae van dag-en-nag gebed: Dag 4

Draai in berou na God: *Dat baie van die sonde af sal wegdraai na 'n nuwe lewe in Christus*

Rakende: *Pornografie, verslawings, opstandigheid, onsedelikheid*

- Dat Christus mense met Sy vergewende liefde sal ontmoet, sodat miljoene van hulle sonde sal wegdraai na die blydskap om Hom te volg.
- Dat die Boodskap oor die kruis van Christus die greep van sonde sal verbreek sodat baie hoop sal vind dat hulle sondes "uitgewis" sal word (**Hand.3:19**).
- Dat God mense sal aanraak om van hulle verkeerde paaie af weg te draai (**Hand.3:26**), sodat 'n gesindheid van berou deur hele gemeenskappe sal trek.
- Dat tye van berou ook tye van verkwikking sal meebring (**Hand.3:19**), sodat mans, vroue en kinders die teenwoordigheid van God sal ervaar.

… en bid … (**2 Kron.7:14**).

Maak gereed om wyer as onsself te bid: Stort jou hart voor God uit. Dank Hom vir wat Hy reeds gedoen het. Dra die laste van ander in die gebed aan God op, en laat jou hart ontroer word om na Hom te roep vir die ontsaglike behoeftes in jou gemeenskap en land.

Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis. En dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom … (**Hand.3:19-20a**).

Maandag 5 Mei 2008

10 Dae van dag-en-nag gebed: Dag 5

Jaag die vrede van Christus na: *Dat verhoudings verander sal word*

Rakende: *Rassisme, armoede, geweld, misdaad*

- Dat versoening tussen kerke onenigheid en vyandigheid sal verwyder en dat verhoudings tussen Christene sodoende deur liefde, blydskap, eenheid en blye harte gekenmerk sal word .

- Dat Christus so kragtig en duidelik sal werk dat Sy mense, asook die wêreld wat toekyk, met ontsag vervul sal word (**Hand.2:43**).
- Dat God se mense sal wegdraai van hebsug en wêreldse begeertes en vrygewiger as ooit sal wees.
- Dat God sal ingryp in oorloë en die geestelike magte van die bose sal beteuel, terrorisme onder bedwang sal bring en die lewens sal beskerm van diegene wat daardeur geraak word.
- Dat God Christene sal gebruik om mense te help bevry uit die verdrukking van absolute mag.

… en vra na my wil … (**2 Kron.7:14**).
Maak gereed om na God se wil te vra: Kies om jou hartsbegeertes verder as jou eie behoeftes te stel. Kom naby aan God sodat jy Hom kan ken en deur Hom geken kan word. Wees stil voor Hom. Praat met vrymoedigheid met Hom en luister aandagtig, asof jy van aangesig tot aangesig met Jesus is.

Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg (**Hand.2:44-47**).

Dinsdag 6 Mei 2008
10 Dae van dag-en-nag gebed: Dag 6
Bemagtig die komende generasie: *Vir God se bedoeling met gesinne en kinders*

Rakende: *Gebroke huise, seksuele perversie, kinderuitbuiting, aborsie*
- Dat Christus huwelike en gesinne sal versterk.
- Dat jongmense Christus vroeg in hulle lewe sal begin volg en Hom met 'n leeftyd van uiterste passie en toewyding sal dien.
- Dat Christene met vrymoedigheid die liefde van God se gesin aan weeskinders, weduwees, die weerloses en haweloses sal betoon.
- Dat Christene God se vaderlike liefde aan miljoene kinders sal betoon wat deur oorloë en MIV/VIGS-pandemie wees gelaat is.
- Dat God die komende generasie sal bemagtig om Sy beloftes dwarsoor die aarde te vervul.

… en draai terug van hulle bose weë af … **(2 Kron.7:14)**.
Maak gereed om berou te hê: Begeer meer as woordryke belydenisse. Vra liewer vir God om vir jou krag te gee om weg draai van enige sweem van die bose en om enige skadelike optrede te laat vaar. Laat God jou hart versterk met die hoop dat Hy blywende verandering regdeur jou gemeenskap en verhoudings sal bewerkstellig.

Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep (**Hand.2:39**).

Woensdag 7 Mei 2008
10 Dae van dag-en-nag gebed: Dag 7
Laat God se roepstem weerklink: *Dat die nasies God se stem sal hoor*

Rakende: *Onbereikte nasies, afgodediens, ongeloof, ongeletterdheid*
- Dat die Woord van God aan mense van elke taal, stam en nasie verkondig sal word (**Hand.1:8, 2:5**)
- Dat al die nasies van die magtige werke van God sal hoor in die woorde van hulle eie taal en die gebruike van hulle eie kultuur (**Hand.2:11**)
- Dat Christus in elke nasie gevolg sal word, veral onder die duisende onbereikte mensegroepe wat nog nie oor lewende, groeiende, vermeerderende kerke beskik nie

- Dat die Bybel vertaal sal word vir die duisende mensegroepe wat selfs nog nie 'n enkele vers in hulle eie taal het nie
- Dat God baie tot Homself sal roep (**Hand.2:39**), almal wat tot Hom roep om gered te word (**Hand.2:21**).

… sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe … (**2 Kron.7:14**).
Maak gereed om te bely: Stel jou lewe oop vir Christus. Bely jou sonde voor God. Erken jou wandade teenoor diegene wat jy moontlik benadeel het. Vra God om jou en ander te bevry van die las van sondeskuld en die slawerny van die mag van sonde.

Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep (**Hand.2:39**).

Donderdag 8 Mei 2008
10 Dae van dag-en-nag gebed: Dag 8
Ly met volharding vir die eer van Jesus: *Dat Sy mense moedig en getrou sal bly*

Rakende: *Vervolging, onreg, terrorisme*
- Dat diegene wat met teëstand te make kry omdat hulle Christus dien, met die vriendelike, moedige geaardheid van Jesus sal reageer (**Hand.4:13**).
- Dat Christene wat ter wille van die Naam van Christus ly, sterk sal wees in blydskap en geloof .
- Dat God Homself sal verheerlik deur Sy groot dade op plekke waar Hy verwerp word (**Hand.4:21**).
- Dat ons leiers en regerings geseën sal word.
- Dat die regeringsleiers wat Christus teëstaan (**Hand.4:25-27**), met wysheid geseën sal wees sodat dit nie miskien blyk dat hulle teen God gestry het nie (**Hand.5:39**).

… en hulle land laat herstel … (**2 Kron.7:14**).
Maak gereed om getransformeer te word: Verwag dat God groot veranderinge regdeur jou gemeenskap en land sal bewerk, met party wat stadig gebeur en ander skielik. Vernuwe jou hoop dat die aarde herstel, siek gemeenskappe opgehef en verhoudings genees sal word.

Die apostels het van die Raad af weggegaan, bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly (**Hand.5:41**).

Israel vier sy onafhanklikheid
Die moderne staat Israel is vandag 60 jaar oud. Na 2 000 jaar het dit in 1948 'n Joodse staat geword. (Kyk **Eseg.37:21, 22a, 25** en **Gen.13:15; 17:8**). Bid vandag vir die vrede van Jerusalem dat die Here hulle sal seën en hulle sal beskerm; dat Hy tot hulle redding sal verskyn en hulle genadig sal wees; dat die Here hulle gebede sal verhoor en aan hulle vrede sal gee (**Num.6:24-26**). (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437 of e-pos: allwiese@lantic.net).

WAT OM VIR JOU GEMEENTE EN DIE KERK TE BID
Die apostoliese gebede uit die boeke Handelinge tot Judas
In hierdie studie word die gebede van die apostels in die Bybel – van die boek Handelinge tot die boek Judas – as grondslag gebruik om vir jou gemeente te bid. Lees die gebede stadig deur, dink daaroor na, konsentreer op die belangrike woorde en gedagtes en vra die Gees van God hoe om oor hulle te bid. Lees dan die gebede hardop en bid hulle hardop indien en wanneer moontlik. Bid veral hierdie gebede as God se beloftes vir die kerk. Bid hulle as 'n belydenis voor God, as 'n proklamasie en as smeekgebede. Fokus heel eerste in jou gebede op jou eie gemeente en dan op die kerk in jou land en regoor die wêreld. Dit beteken nie dat ons slegs die apostoliese gebede vir die kerk kan en mag bid nie. Hierdie gebede gee ons 'n gesonde Bybelse perspektief vir gebed vir die kerk en help ons om God se hart vir die kerk te verstaan. Christene het dikwels hulle eie idees oor wat in 'n gemeente behoort te gebeur of hoe hulle vir die wêreld moet bid. Ons bid dikwels téén allerhande dinge. Te min

gebede word op die Woord gegrond. Soos 'n mens leer om direk uit jou Bybel te bid, neem jou gebedslewe 'n heel nuwe dimensie aan en raak kragtig. Die gebede van die apostels in die Nuwe Testament verskaf riglyne en Gees-geïnspireerde gebede. Wanneer ons hierdie Skrifgedeeltes bid –

• gebruik ons die Woord as basis,
• leer ons hoe die apostels gebid het en
• leer ons wat die kerk se verantwoordelikheid in die wêreld is en wat ons fokus behoort te wees.

'n Studie van die apostoliese gebede belig belangrike fasette

1. **Die apostoliese gebede fokus op God self**. Verrassend genoeg praat hierdie gebede in die Bybel nooit oor Satan nie en die demoniese magte word feitlik geïgnoreer. Wanneer ons vir die kerk bid, lyk dit of die belangrikste ding wat nodig is, is dat die lidmate 'n openbaring moet hê van wie God is, en wat Hy vir hulle wil gee sodat Sy koninkryk kan uitbrei. As die kerk eers besef wat sy bestemming is, verkeer die koninkryk van die duisternis in ernstige gevaar en is eintlik reeds 'n verslane koninkryk! Die apostoliese gebede is feitlik nooit negatief nie – in hierdie gebede word nie téén dinge gebid nie. Dit is waarom die apostoliese gebede positiewe gebede is.

   Hoe om dit te bid: O die diepte van die rykdom en wysheid en kennis van U ons God! Hoe ondeurgrondelik is U oordele en hoe onnaspeurlik U weë! "Wie ken U bedoeling, o Here? Of wie gee U raad? Wie bewys U 'n guns sodat U verplig is om iets terug te doen?" Want uit U en deur U en tot U is alle dinge (**Rom.11:33-36**). Vader, openbaar Uself aan U kerk as die ewige Koning, die onverganklike, onsienlike, enigste God, aan U kom toe die eer en heerlikheid tot in alle ewigheid (**1 Tim.1:17**). Here, U is die goeie en enigste Heerser, die Koning van die Konings en die Here van die heersers. U alleen besit onsterflikheid en U woon in ontoeganklike lig. Geen mens het U gesien of kan U sien nie. Aan U kom toe eer en ewige mag (**1 Tim.6:15-16**).

2. **Die apostoliese gebede fokus op die fundamentele aspekte van die geloof,** die wesenlike van Christenwees en ons getuienis in die wêreld. Die fokus is op God se karakter, die kennis van God en die Geesvervulde lewe. Wanneer hierdie dinge in 'n gemeente sigbaar is, sal ons God se krag sien.

   Hoe om dit te bid: Here God, ons bid dat U, wat die bron van alle standvastigheid en bemoediging is, sal gee dat ons eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê, sodat ons almal eensgesind en met een mond lof toebring aan U, die Vader van ons Here Jesus Christus. Help ons om mekaar te aanvaar soos Christus ons aanvaar het, tot eer van God (**Rom.15:5-7**). Mag U, die bron van hoop, ons deur die geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat ons hoop al sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees (**Rom.15:13**). Aan U, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! U is die Vader wat U ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig U ons. Daarom kan ons ook weer ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee U ons bemoedig, want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur Christus (**2 Kor.1:3-5**). Ons sal met volharding bid totdat Christus in die Gelowiges gestalte kry (**Gal.4:19**).

3. **Die apostoliese gebede fokus hoofsaaklik op gebed dat God Sy heerlikheid in die kerk sal openbaar,** vir wysheid en om met die kennis van God vervul te wees.

   Hoe om dit te bid: Vader van ons Here Jesus Christus, U het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is, want U het nog voor die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor U te wees. In U liefde het U ons, volgens U genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus Sy kinders te wees. Ons prys U vir U wonderlike genade wat U in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het. Mag Christene weereens besef dat ons deur die bloed van U Seun verlos is en ons oortredings vergewe is kragtens U ryke genade wat U in al U wysheid en insig so oorvloedig aan ons geskenk het. Laat die kerk verstaan dat U kragtens U besluit en voorneme die geheimenis van U wil aan ons bekendgemaak het en dit deur Christus tot uitvoering gebring het op die tyd wat U daarvoor bepaal het. U bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Jesus Christus. Beweeg die kerk om weereens met

vrymoedigheid te verkondig: Deur Christus het ons deel geword van U volk, soos U dit vooruit al bestem het. So het U U dit voorgeneem, U wat alles laat gebeur het volgens U raadsbesluit. En ons loof U omdat ons ook ingesluit is in Christus toe ons die woorde van die waarheid, die evangelie van ons redding gehoor het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, ons as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat U belowe het, wanneer U almal wat aan U behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons U grootheid prys (**Ef.1:3-14**).

4. **Apostoliese gebede fokus op die liefde van God en op die dra van geestelike vrug.** Dit vloei uit in ons lewens deur ware dissipelskap, goeie werke, integriteit en karakter. Die fokus is dat die kerk met die liefde van God vervul sal wees en dat Jesus se volgelinge in hierdie liefde sal lewe.

   Hoe om dit te bid: Vader, ons kom na U toe met danksegging en smeking en ons vra dat U, die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur U Gees vir ons wysheid gee en U so aan die kerk sal openbaar dat ons U beter kan ken en kan dien. Ons bid ook dat ons geestesoë so verhelder sal word dat ons kan weet watter hoop U roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat U vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot Sy krag is wat U uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van U mag wat U uitgeoefen het toe U Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan U regterhand laat sit het, hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie maar ook in die bedeling wat kom (**Ef.1:15-21**). Vader, ons bid dat U deur U Gees uit die rykdom van U heerlikheid vir ons die krag sal gee om innerlik sterk te word, sodat Christus deur die geloof in ons harte sal woon. As U kerk smeek ons dat ons in die liefde gewortel en gegrondves sal wees, en dat ons in staat sal wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag ons hierdie liefde ken wat ons verstand te bowe gaan. Mag ons as U kinders heeltemal vervul word met die volheid van God. Aan U dan wat magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan U kom die eer toe, in die kerk deur ons verbondenheid met Christus Jesus deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid (**Ef.3:14-21**).

5. **Apostoliese gebede is die uitdrukking van God se Vaderhart vir Sy kerk.** Paulus bid en skryf as die vader van die gemeentes wat hy geplant het (**1 Kor.4:15**) en gee ook uitdrukking aan die hart van God die Vader.

   Hoe om dit te bid: Vader, ons bid vir al die gelowiges dat wanneer ons ons monde oopmaak, U ons die woorde sal gee dat ons die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid sal kan bekendmaak (**Ef.6:18-20**). En ons bid dat U vir ons 'n deur vir die Woord sal oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig. Ons bid dat ons dit duidelik sal verkondig soos dit ons opgelê is (**Kol.4:3-4**). Vader, ons bid saam met al die gelowiges dat ons wat die Woord verkondig, beskerm sal word teen die ongelowiges en dat ons woorde aanvaarbaar sal wees vir almal wat dit hoor (**Rom.15:30-32**). Ons bid dat diegene van ons wat die evangelie verkondig, staande mag bly in die wil van God, en dat ons geestelik volwasse en gehoorsaam sal wees (**Kol.4:12**). Here, die Gees wat U ons gegee het, maak ons mos nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing (**2 Tim.1:7**). Vader, ons bid dat U U Gees van gebed en smeking op ons sal uitstort en dat ons sal volhard in gebed en waaksaam en dankbaar sal wees (**Kol.4:2**). Ons bid vir 'n kerk wat dag en nag tot U roep sodat U nie sal aanhou om ons te laat wag nie (**Luk.18:7; 1 Tess.3:9-13**).

6. **Apostoliese gebede fokus ook op die kerk en die Gelowiges** – op die bemagtiging van die kerk en op die geestelike werkers. Bid hierdie gebede vir jou gemeente, die kerk in jou omgewing, land en vasteland. Here, omdat U naby is, sal ons oor niks besorg wees nie, maar in alles ons begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan U bekendmaak. En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, oor ons harte en gedagtes wag hou in Christus Jesus (**Fil.4:5-7**).

   Hoe om dit te bid: Here, ons vra dat U in al ons behoeftes ryklik sal voorsien volgens U wonderbaarlike rykdom in Jesus Christus. Aan U ons God en Vader behoort die heerlikheid tot in ewigheid (**Fil.4:19-20**). Here, U wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, ons vra dat U ook vir ons saad sal gee en dit laat groei en ons vrygewigheid 'n ryk oes sal laat oplewer. Dat U ons altyd in alles ryk genoeg sal maak om by elke geleentheid vrygewig te kan wees en dat ons vrygewigheid tot gevolg sal hê dat U gedank word

(**2 Kor.9:10-11**). (Vir 'n volledige artikel besoek: http://www.jwipn.com/pdf/23%20-%20What%20to%20pray%20for%20your%20congregation%20and%20the%20Church.pdf).

Vrydag 9 Mei 2008

10 Dae van dag-en-nag gebed: Dag 9

Bring die genesing van Christus: *Dat Christus wesenlike genesing sal bewerk*

Rakende: *die gebrek aan gesondheidsorg, die VIGS-pandemie, heksery, besoedeling*

- Dat gemeenskappe die uitgestrekte hand van Christus sal sien wat wonderbaarlike genesing onder die siekes bewerk (**Hand.5:14-16**).
- Dat die Naam van Jesus met tekens en wonders in die teenwoordigheid van baie verkondig sal word (**Hand.3:16**).
- Dat Christene met wysheid, deernis en volharding sal optree om siektes uit te roei. Vir die einde van MIV/VIGS in ons generasie.
- Dat Christene hulle sal bemoei met die voorsiening van basiese gesondheidsorg aan behoeftiges. Duisende kinders wêreldwyd sterf daagliks aan siektes wat voorkom kan word.
- Dat God se mense verstandig te werk sal gaan en sal vertrou dat God op kragtige wyse sal werk om die land te genees.

… Ek sal … ontvanklik wees vir elke gebed … (**2 Kron.7:15**).

Maak gereed om na God te kyk: Kyk met verwagting in jou hart na God. Laat toe dat jou hart met ontsag vervul word omdat Hy na elke woord van jou sal luister en met lewegewende liefde op ons sal neerkyk.

*Laat U hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van U heilige Dienaar, Jesus (***Hand.4:30**).

Saterdag 10 Mei 2008

10 Dae van dag-en-nag gebed: Dag 10

Versprei die seën van Christus: *Vir die beloofde seën onder alle nasies*

Rakende: *Honger, oorlog, bendes, korrupsie*

- Dat Christene in die verwagting sal leef dat die belofte van lank gelede gou vervul sal word en verandering in hulle gemeenskappe en lande sal bewerkstellig.
- Dat kerke as een familie in Jesus se Naam sal saamwerk, en saam met God sal werk om lewens, stede en nasies te verander.
- Dat God se geregtigheid die handel en politiek sal beïnvloed en gemeenskappe van die vloek van korrupsie sal reinig.
- Dat die blydskap van Christus se koninkryk sal uitbars in vieringe van dankbare lof in elke mensegroep op aarde.

En nou kies Ek en heilig Ek hierdie tempel sodat my Naam altyd daar sal wees, en dit altyd my sorg en my liefde sal geniet (**2 Kron.7:16**).

Maak gereed om onsself as Sy woonplek te wy: Nooi Sy Gees om jou en jou familie en vriende te vul. Nooi Christus om Sy woonplek onder Sy mense te maak, sodat Sy hart ons harte met Sy grootse liefde sal oorspoel en Sy eer oor die hele aarde uitgebrei sal word.

Die dinge waarvan die profete gepraat het, is vir julle bedoel, en julle het deel aan die verbond wat God met julle voorvaders gesluit het. Hy het vir Abraham gesê: 'Jou nakomeling sal vir al die volke van die aarde tot 'n seën wees' (**Hand.3:25**).

Sondag 11 Mei 2008

Pinkstersondag: *Wêrelddag van Gebed*

Laat ons vandag met verwagting na God toe kom. **Handelinge 4:31** sê nadat hulle gebid het, het God die plek geskud en is die mense met die Heilige Gees vervul. Dit het volgens **Handelinge 2** gebeur toe God se Gees op die kerk uitgestort is. Deur die eeue het God keer op keer Sy Gees op duisende plekke regoor die wêreld uitgestort. Laat ons dan vandag tot God roep dat Hy weereens die Christene op tienduisende plekke in die verskillende lande sal besoek waar hulle vandag bymekaarkom. Laat ons met geloof en 'n nuwe vrymoedigheid bid (**Hand.1:8**) vir tekens en wonders, en vir genesings en kragtige dade om die manifestasies van die gawes van die Heilige Gees te vergesel (**Hand.4:32; Heb.2:4**).

'n Gebed vir die wêreld: 'n Spesiale gebed wat in eensgesindheid by elke *Wêrelddag van Gebed*-byeenkoms gelees sal word, is opgestel en in baie tale vertaal. Baie van hierdie vertalings is beskikbaar by www.globaldayofprayer.com of www.transformationafrica.com.

Praktiese wenke om die dag in gebed deur te bring:

- **Bid saam met jou plaaslike gemeente op Pinkstermôre.** Bestee gedeeltes van jou erediens op Pinkstersondag aan eendragtige gebed. Kondig die feit aan dat miljoene mense regoor die wêreld bymekaarkom om vir eer van Christus en die transformasie van alle nasies te bid. Lees die *Gebed vir die Wêreld* hardop saam as gemeente. Vertel van getuienisse van hoe mense die afgelope tien dae gebid het. Dink daaraan om 'n gesamentlike erediens saam met ander nabygeleë gemeentes te hou.
- **Kom in huise of openbare plekke bymekaar**. Christene regoor die wêreld beplan om die middag en aand van Pinkstersondag in hulle huise, in stadions, openbare ouditoriums en oop pleine bymekaar te kom. Sommige byeenkomste sal klein wees, ander groot, maar hulle sal almal met dieselfde hart, visie van berou en hoop bid. Soos by die eerste Pinkster – toe die seën van Christus in die strate en in openbare plekke sigbaar was – sal ons God openlik aanbid in die Naam van Christus en bid vir die genesing van en seën vir die nasies. Ons poog om soveel moontlik op plekke buite die mure van ons kerkgeboue bymekaar te kom.
- **Help om 'n byeenkoms in jou dorp/stad te organiseer.** Pleeg oorleg met jou pastoor/predikant en ander plaaslike leiers wat jy vertrou. Kry eenvoudige en beproefde wenke om 'n byeenkoms van enige grootte te organiseer by www.globaldayofprayer.com.
- **Beplan vooruit vir 2009 en 2010.** Vir die jongste inligting, besoek www.globaldayofprayer.com vir aankondigings omtrent *Wêrelddag van Gebed* byeenkomste wat vir Pinkstersondag op 31 Mei 2009 en 23 Mei 2010 beplan word.

Maandag 12 Mei 2008

***Wêrelddag van Gebed*: Danksegging vir God se goedheid**

Dank die Here dat Hy gister miljoene Christene regoor die wêreld bymekaargebring het om vir hulle lande, die kerk en die ongereddes te bid. Eer Sy Naam omdat Hy die lewens van miljoene aangeraak het en medelye met hulle het. Dank Hom vir elke gebed wat Hy verhoor het. Laat ons saam met alle geskape dinge in die hemel en op die aarde, onder die aarde en in die see tot God roep en sê: "*Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid"* (**Op.5:13**).

***90 Dae van Seën*: 12 Mei tot 9 Augustus**

Word die Seën van Christus

Christene wat saam bid, kan diegene word wat saam dien en praktiese, lewensveranderende seën vir hulle gemeenskappe bring. Om jou te help droom en beplan hoe jy moontlik deel van die antwoord op jou gebede kan word, besoek *90 Dae van Seën* by www.globaldayofprayer.com. 'n *Wêrelddag van Gebed* word vir elke jaar tot 2010 beplan. Vir die jongste inligting, besoek www.globaldayofprayer.com vir aankondigings omtrent die *Wêrelddag van Gebed*-gebeure wat vir Pinkstersondag 31 Mei 2009 en 23 Mei 2010 beplan word.

Drie uitstekende bronne is by **www.globaldayofprayer.com** beskikbaar om julle te help om aan te hou groei en gedurende die volgende negentig dae in gebed verenig te wees:

- **The 90-Day Prayer Guide**: 'n Daaglikse gids oor hoe om vir transformerende seën te bid.
- **Seek His Face**: Leer om jouself aan God toe te wy met 'n uur se gebed elke dag.
- **24/7 Prayer Watch**: Baie mense begin met 24/7 gebed in baie verskillende style en maniere.

Jy kan ook op die weeklikse ***Global Prayer Alert*** inteken. Dit verskaf die jongste en toepaslike gebedsinligting wat gebruik, gekopieer en in gebedsgroepe, jou gebeds- of gemeentebrief, jeuggroepe ensovoorts versprei kan word. Stuur e-pos aan watch@jwipn.com en meld of jy dit in Afrikaans of Engels verlang.

Comore-eilande

Die Comore-eilande gaan deur siklusse van vervolging. By tye is dit stil, maar dan begin die vervolging weer. Bid asseblief vir wysheid vir die "werkers" wat onder waarneming verkeer omdat hulle ander omtrent die Woord van God leer. Bid dat hulle nie gedeporteer sal word nie, maar 'n gunstige omstandighede sal hê om met hulle werk voort te gaan. Vra asseblief dat die plaaslike leiers geestelik sal groei deur getrou God se Woord te bestudeer. Bid vir Bybels, veral vir befondsing vir die *Lig vir die Nasies*-projek, die vraghouer vol Bybels en studiemateriaal, dat dit binnekort gedruk kan word. (*Light for the Nations*. E-pos: rentia@lfn.org.za).

GEBEDSWANDELING BINNE DIE KERK

Gebedswandelings (om te stap/beweeg terwyl ons bid) vind meestal buite die mure van die kerk plaas. Al bid baie mense op 'n Sondag voor die oggend- en aanddiens, is dit 'n uitstekende gedagte om 'n gebedswandeling in die kerk te hê. Op hierdie wyse kan ons bid vir God se seën op en beskerming oor ons kerklidmate, kerkleiers en kerklike aktiwiteite, sowel as die fisiese eiendom van die kerk. So kan ons ook die kinders van 'n jong ouderdom af op 'n baie eenvoudige en praktiese manier leer om op 'n verantwoordelike wyse te bid vir wat in die kerk gebeur. In die Nuwe Testament praat Paulus dikwels daarvan dat daar getrou vir nuwe en volwasse gelowiges gebid moet word, dankie gesê moet word vir liefdegawes wat ingesamel is, hulp wat vir die sendingwerk gestuur is, gebede vir siekes en nog baie meer. Die volgende is werklik eenvoudige idees oor hoe om doelgerig en sigbaar binne-in die kerkgebou en ander geboue te bid waar julle as 'n gemeente, bediening of gebeds- of Bybelstudiegroep bymekaarkom.

'n Mens kan verskillende stasies binne die kerkgebou aanwys wat elkeen 'n spesifieke gebedsfokus verteenwoordig. Dit kan gesondheid, beskerming teen die aanvalle van die Bose, voorsiening in behoeftes, wysheid en onderskeidingsvermoë, uitreik na diegene wat die Here nie ken nie, ensovoorts wees. Gebruik byvoorbeeld tien minute om saam te verkeer en tee te drink, vyftien minute om te verduidelik waarvoor om by elke stasie te bid en die groep in kleiner groepies van twee of drie te verdeel, wat elkeen by 'n ander stasie gaan bid. Beplan dan ongeveer vyf minute se gebed by elke stasie. Die beteken een tot twee uur van gebed per keer na gelang van die aantal mense. Om 'n wye reeks gebedservarings aan te moedig, kan jy verskillende metodes van gebed vir die stasies voorstel:

1. **Pastoor/predikant se kantoor:** *Geskrewe gebed.* Mense kan hulle gebede neerskryf en na voltooiing van die gebedswandeling vir die pastoor/predikant gee om hom en sy gesin te bemoedig. Moedig hulle aan om positief en hartversterkend in hulle briefies te wees.
2. **In die kerk/by die sitplekke:** *Gememoriseerde gebed.* Hier is dit belangrik om vir die versoeke te bid van die mense wat die dienste bywoon, vir die persone wat vergaderings bywoon en dan af te sluit deur die "Ons Vader" saam te bid.
3. **Podium/kansel voor in die kerk:** *Verklaring.* Bid hardop en verklaar die krag en salwing van die Heilige Gees oor diegene wat by die onderskeie byeenkomste gedurende die week sal bedien. Vra dat baie siele geraak sal word om hulle verhouding met God te vernuwe en dat ander gered sal word.
4. **Raadskamer:** *Bid die Skrif.* Neem teksverse uit die Bybel soos die Heilige Gees julle lei en verander hulle in gebede.

5. **Klaskamers:** *Luisterende gebed*. Bid saggies vir elkeen wat onderrig in die kerk sal ontvang, of dit Sondagskoolklasse is of kursusse wat gedurende die week aangebied word. As daar 'n lys van klaskameraktiwiteite beskikbaar is, bid God se seën daarop af.
6. **Moederskamer:** *Wakende gebed.* Stel elke kind en diegene wat oor hulle waghou, in die gebed voor die Here. Bid vir hulle behoeftes en beskerming.
7. **Kinderkerk:** *Beurtgebed.* Bid vir die versoeke wat vir hierdie area gerig is. Dan bid die groep Psalm 136 as antwoord deurdat elke lid van die groepie een versie lees tot die hoofstuk voltooi is.
8. **Jeugkamer/vergaderplek:** *Groepsgebed.* Die groepie kan een persoon aanwys om te begin bid en mekaar opvolg deur in die ry af beurte te maak. Elkeen kry 'n kans om 'n kort gebed te bid. Gaan 'n paar keer so in die rondte.
9. **Kissie met gebedsversoeke:** *Intersessie-gebed.* Die persone in die groepie neem ewe veel gebedsversoeke wat deur die week in die kissie geplaas is en bid vir minstens een daar en dan. Onderneem om minstens een keer daardie week by die huis vir die ander te bid.
10. **Barmhartigheidshoekie**: *Beloftes.* Bid dat die mense in die kerk meer bewus sal raak daarvan om op 'n praktiese manier in die behoeftes van die armes te voorsien en getrou daarmee sal volhou. Pleit God se beloftes af op diegene in nood uit **Lukas 11:8-13, Spreuke 28:27 en Psalm 34:11**.
11. **Sakkies vir en opneem van liefdegawes:** *Danksegging.* Hier word voorgestel dat almal wat aan die gebedswandeling deelgeneem het, by die volgende twee stasies bymekaar moet wees. Almal kan saam hardop dankgebede tot God bid vir Sy goedheid, sorg en voorsiening vir die kerk en vir almal wat iets het om te gee. Bid ook vir God se seën vir die mense wat niks het om te gee nie dat hulle in staat gestel sal word om dit wel te kan doen.
12. **Hoofingang:** *Proklameer God se Name en lees die Psalms.* Sluit as 'n groep die gebedswandeling hier af deur **Psalm 24** hardop te lees en dan te verklaar dat God se Naam geëer en verheerlik sal word deur almal wat by enige van die deure en hekke die perseel en geboue sal binnekom.

Dinsdag 13 Mei 2008

Eagles Rising Opleidingsentrum

God was getrou! Hy het werks- en studiegeleenthede vir meer as 50 jongmense voorsien wat oor die afgelope drie jaar deel van die voltydse oorbruggingsprogram by die *Eagles Rising Opleidingsentrum* was. Al hierdie jongmense kom uit 'n agtergrond van ernstige armoede, maar het geleer om dit te oorbrug na 'n lewe van geloof, hoop en liefde en indiensneming. Dank God dat Hy 'n gelyk pad in die woestyn gemaak het en iets nuuts in die lewens van hierdie jeugdiges gedoen het. (*Eagles Rising Training Centre*. Tel.: 021 856 4486; faks: 021 856 4485. Webtuiste: www.eaglesrising.org.za of e-pos: office@eaglesrising.org.za).

Algerië

Die situasie van Christene het vererger tot baie meer as die sluiting van bymekaarkomplekke en Gelowiges wat hulle werk verloor. Die fundamentaliste het besluit om nie vir die regering te wag om op te tree nie, maar het self stappe begin doen. Daar was 'n poging om 'n bymekaarkomplek te bombardeer (poging het misluk) en 'n poging om die leier van die gemeente in die openbaar keel af te sny (om die ander 'n les te leer). Hierdie poging het ook misluk omdat die polisie betyds opgedaag het. (Bron: Vertroulik) Laat ons onvermoeid tot God roep vir die vervolgde kerk en spesifiek die kerk in Algerië. Vra dat baie mense vervolging sal vryspring en met groot vrymoedigheid voortgaan met hulle werk en getuienis vir Christus.

Woensdag 14 Mei 2008

SA handel moet versnel

Handelsbeperkings is besig om Suid-Afrika se mededingendheid in die wêreldmark te smoor. Arbeidsreëls is 'n stremming vir besigheid, met Suid-Afrika wat 93ste in daardie kategorie is, gevolg deur die afdwinging van kommersiële kontrakte, waar Suid-Afrika die 85ste plek beklee. Suid-Afrika se uitvoer hou nie tred met sy invoer by nie, en dit lei tot 'n skerp styging in die tekort op die land se lopende rekening – die omvattenste meting van handel in goedere en dienste – in 'n neiging wat Suid-Afrika kwesbaar maak vir kapitaalvloei. (Webtuiste: http://www.businessday.co.za/articles/dailymailer.aspx?ID=BD4A605308). Dank die Here dat hierdie sake op die

agenda is vir regstelling. Tree asseblief in vir diegene wat moet toesien dat die veranderings geïmplementeer word wat hierdie voorspelde neiging, sal stuit. Bid ook dat toekomstige beplanning ander, verwante probleme sal vermy.

Kuberkriminele regeer deur "botnet"

Krakers en kuberkriminele is nie net daarop uit om mense se persoonlike inligting te steel nie, maar ook om beheer oor hulle rekenaars te verkry deur middel van virusse wat afstandstoegang tot en beheer oor persoonlike rekenaars verkry, om sodoende 'n groot aantal persoonlike rekenaars te laat saam werk om 'n "botnet" te vorm. Deur beheer oor 'n groot aantal individuele persoonlike rekenaars te verkry, sonder die gebruikers se wete, spaar hulle geld en verdoesel hulle identiteit. Hierdie misdadigers gebruik die botnet om spioenware (spyware) en virusse te versprei, netwerke aan te val, wat daarop gerig is om slagoffers te oorreed om hulle kredietkaart-, bank- en ander persoonlike besonderhede bekend te maak. (The Security Post, January 2008. Webtuiste: http://home3.ca.com/Support/). Bid vir meer kreatiewe maniere om hierdie mense aan die kaak te stel. Bid ook vir hulle, dat die Gees van die Here hulle harte sal aanraak en hulle daartoe sal bring om die verkeerde dinge wat hulle doen, te laat staan en hulle bekwaamheid op beter en lewensveranderende maniere te gebruik.

Donderdag 15 Mei 2008

Dwelms in Suid-Afrika

In 2005 het 'n geskatte twee ton amfetamien Suid-Afrika binnegekom. Dit is deur 1,2 miljoen mense gebruik. Ongeveer 100 000 mense het een ton ecstasy gebruik. Die misbruik van nyaope ('n mengsel van dagga en heroïen) is besig om toe te neem. Die gebruik van Mandrax styg in Durban en dié van CAT in Gauteng. 'n Studie het getoon dat in Kaapstad tik deur amper 42% van pasiënte gebruik is. Voorskrifmedisyne het voorkeur geniet onder tussen 2% en 6% van alle pasiënte wat vir rehabilitasiebehandeling toegelaat word. Die medisyne wat die meeste misbruik is, is pynstillers, kalmeermiddels, hoesmedisyne en verslankingstablette. (Webtuiste: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=vn20070821061625100C120472&newslett=1&em=177813a6a20080123ah). Hou aan bid dat daar op die dwelms beslag gelê sal word voordat dit die land binnekom. Maak seker dat jy nie self van medisyne afhanklik is nie en bid vir die bevryding van mense wat wel is.

Gongduk van Bhoetan

Ongeveer 1 000 Gongduk-mense woon in 'n paar uiters afgeleë dorpies in Bhoetan se Mongar-distrik. Bhoetan was eeue lank heeltemal gesluit vir enige invloede van buite tot 1960, toe die koning meer vryheid begin toelaat het. Hulle godsdiens is Tibetaanse Boeddhisme gemeng met animistiese geestesaanbidding. Dwarsdeur die tweeduisend jaar van die Christendom is die goeie nuus dat Jesus Christus aan die kruis gesterf het vir die sondes van die wêreld nie eers een keer in die afgesonderde gebied van die Gongduk gehoor nie. (*Peoples of the Buddhist World*, Paul Hattaway, bl. 67). Bid dat die evangelie binnekort die Gongduk-mense in Bhoetan sal bereik en vra vir 'n goeie gesindheid onder die mense om oop en ontvanklik te wees om Jesus Christus as hulle Redder aan te neem.

Vrydag 16 Mei 2008

Pneumatix

Pneumatix sal in Mei en Augustus vanjaar 'n toer onderneem om jongmense met die evangelie te bedien. Bid asseblief vir hierdie toer, dat God die grond gereed sal maak, en ook vir die uiters besige tydperk van voorbereiding vir die toer. (*Pneumatix*, tel.: 021 858 1877 uitbr. 2, faks: 021 858 1268, sel: 082 374 2690. Webtuiste: www.pneumatix.co.za of e-pos: info@pneumatix.co.za).

***Ethnê* onbereikte groepe-projek: Mins bereikte nasies van die Amerikas/Karibiese gebied**

Die 30 lande in Noord-Amerika en die Karibiese gebied sluit drie van die grootste lande van die wêreld in: Kanada, die VSA en Groenland. Dit is waarskynlik die gebied met die minste godsdienstige diskriminasie en was die grootste basis in die wêreld vir die uitstuur van sendelinge, maar dit is vinnig besig om te verander. Daar bly nog 83 van die mins bereikte mensegroepe in hierdie gebied oor. Vra dat die mense wat in hierdie gebiede bly, weereens sal besef wat hulle geestelike posisie is en sal voortgaan om betrokke te raak en ook om plaaslike

sendelinge in ander lande te help en toe te rus om op die oesland van hulle eie nasies te werk. (Webtuiste: http://www.ethne.net/Helps/Regions or www.joshuaproject.net/ethne_globalregion.php of e-pos: ethne06@ethne.net).

Saterdag 17 Mei 2008

Hope for Africa

Bid vir die werk van *Hope for Africa* om bewegings van die plaaslike kerk in Afrika te help van stapel stuur en te ondersteun, om te help om die kerk toe te rus om gemeenskappe te bereik deur in hulle al die sfere van die samelewing te bedien. Dit is 'n visie vol uitdaging! Vra vir 'n gunstige gesindheid vir hulle en vir getroue vrywilligers om die projek op praktiese maniere te bevorder in elke gemeenskap waar hulle betrokke is. (Hein van Wyk, tel.: 012 665 0343, sel: 082 349 8465. Webtuiste: www.samaritan-strategy-africa.org of e-pos: hein@ehcaa.co.za).

Haatveldtog in Indië

Die president van die *All India Christian Council*, Joseph D'Souza, sê die Kersfeesverwante geweld in Orissa, Indië, is beëindig, maar nou is die nasionalistiese Hindoes woedend. 'n Geskrewe haatveldtog het teen die Christene begin omdat 100 000 van die 600 000 mense in die Khandwal-gebied hulle tot Christus bekeer het. Daar is 'n duidelike transformasie, beide maatskaplik en geestelik, en dis vir almal sigbaar. Dit is 'n bedreiging vir Hindoes omdat hierdie sigbare tekens net meer mense na die Christelike geloof sal weglok. (Webtuiste: http://www.MNNonline.org/article/10830). Dank die Here vir antwoorde soos hierdie op gebed! Laat ons aanhou bid dat die nuwe Gelowiges sal groei en nie as gevolg van vervolging gedwing word om uit hulle gebiede te vlug nie. Roep om genade en dat hierdie klein begin sal groei en baie meer siele vir die koninkryk sal wen.

Sondag 18 Mei 2008

Hoe die Heilige Gees lewens in die geskiedenis en tot vandag toe verander

Handelinge 13: Hy sal jou roeping bevestig

Ons roeping is nie 'n beroep wat op 'n probeer-en-tref-grondslag gekies word of 'n besluit wat selfgemotiveer is nie. Die Bybel is vol sulke getuienisse. In **Handelinge 13:2** sê die Heilige Gees tydens 'n kerkdiens in Antiogië: "Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het." Die kerk het gevas, gebid en hulle die hande opgelê voordat hulle die evangeliste uitgestuur het. Dit gebeur dikwels vandag dat mense skade lei omdat hulle sonder die nodige wyse oorlegpleging met hul geestelike leiers of mentor sommer net iets aanpak wat hulle ervaar God vir hulle sê om te doen. Rigtinggewende leiding soos 'n mens se roeping is baie anders (nie meer *belangrik* nie – alle besluite in ons Christelike lewe is belangrik), as om van God te hoor of ons 'n bepaalde rigting moet inslaan of nie. Daar is net een manier om God se aanwysing en leiding vir jou te wete te kom. Hou aan om met die Heilige Gees te praat totdat Hy jou van jou roeping verseker – en onthou, die Heilige Gees praat deur die Skrif en deur godvresende persone, sowel as direk met 'n mens. Sit liewer tyd opsy om te vas en te bid en God se stem te hoor soos die gemeente in **Handelinge 13** gedoen het. Talle sakeondernemings is al begin, sendingaksies onderneem en besluite geneem sonder om lank genoeg op God te wag om van Hom te verneem omtrent die regte tydsberekening en van die mense om deel te wees van die visie. Dit het al vir meer as een opregte Christengelowige baie pyn veroorsaak. Moenie bang wees dat jy ongehoorsaam sal wees as jy nog nie presies seker is wat God besig is om vir jou te sê nie. Hierdie vrees is vir baie opregte Gelowiges dikwels 'n strik, omdat hulle bang is hulle is ongehoorsaam as hulle wag vir duidelikheid. God gee miskien nie altyd vir ons al die besonderhede nie, maar Hy sal jou nie laat twyfel as dit Sy wil vir jou is nie. Hy is lig en daar is geen duisternis in Hom nie.

Vader, vergewe my dat ek U blameer as sake anders verloop as wat ek gemeen het U vir my gesê het. Vergewe my dat ek nie altyd lank genoeg op U wag dat U ook die regte tyd vir my kan meedeel vir wat U wil hê ek moet doen nie. Ek maak my hart oop vir U en vra dat U deur U Heilige Gees my sal leer om nie net U stem te hoor nie, maar ook op U te wag om U roeping op my lewe te bevestig.

Maandag 19 Mei 2008

Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk

Bid asseblief vandag vir elke vrywilliger wat by die verskillende kantore van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* landwyd werk. Vra vir hulle veiligheid, krag en gesondheid. Bid ook tot God om in hulle praktiese en fisiese behoeftes te voorsien. Dank God, want die deurbraak is stadig besig om te gebeur om gebed in gevangenisse in te neem, veral in Johannesburg. Dit gaan beter met die pos van die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids*, maar ons is nie onbewus van die konstante geestelike stryd teen pogings om God se mense aan die bid te kry nie. Hou asseblief aan bid saam met ons dat die proses hierdie maand vlot sal verloop, aangesien die volgende uitgawe van die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids* binne die volgende tien dae gepos sal word. Vra dat elke boekie Sy bestemming betyds sal bereik en dat geen koevert of pakkie verlore sal raak nie. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwood Ridge, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webtuiste: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Steeds geen effektiewe entstof teen malaria

Malaria word veroorsaak deur infeksie met 'n mikrobe genaamd 'n protosoön, wat deur die byt van die *Anopheles* muskiet aan mense oorgedra word. Daar is vier spesies protosoön-parasiete, waarvan *P. falciparum* hoogs gevaarlik is. Mense wat dikwels daarmee geïnfekteer word – soos diegene wat in landelike gebiede in Afrika bly – ontwikkel 'n gedeeltelike immuniteit teen die siekte. 'n Malaria-entstof sal 'n noodsaaklike manier wees om die tol wat hierdie siekte eis, te verlig. Maar daar bestaan nog nie so 'n entstof nie, en daar is ook nie konsensus onder wetenskaplikes oor die beste manier om die navorsing aan te pak nie. (Webtuiste: http://www.scidev.net/dossiers/index.cfm?fuseaction=printarticle&dossier=23&policy=83). Hou aan bid dat wetenskaplikes God se wysheid en insig sal kry sodat 'n effektiewe, bekostigbare entstof hierdie siekte binne die volgende vyf jaar kan stuit. Vra ook dat baie wetenskaplikes sal erken dat die vind van 'n effektiewe entstof inderdaad 'n Godgegewe wonder sal wees.

Dinsdag 20 Mei 2008

Kaapse tik-epidemie lei tot stormloop vir toetstoestelle

Kaapstad se tik-epidemie het die mark vir tuistoetse vir dwelms aan die brand, maar kundiges het ouers gevra om nie na te laat om professionele berading vir hulle dwelmverslaafde kinders te kry nie. Hoewel die toestelle akkuraat is, sal hulle net bevestig dat die persoon dwelms gebruik en niks doen omtrent die psigologiese uitwerking van die dwelms wat die gebruikers emosioneel onstabiel of geneig tot selfmoord kan maak nie. (Webtuiste: http://www.iol.co.za/index.php?click_id=13&art_id=vn20080109112039468C722242). Dank die Here dat meer en meer ouers besef hoe belangrik hulle invloed en verantwoordelikheid in hulle kinders se lewens is. Bid vir hulle vir wysheid hoe om die realiteit van hulle kind se verslawing te benader en te hanteer, en ook waar om berading en professionele hulp te bekom.

Frankryk

Frankryk is tans een van die mins ge-evangeliseerde sendingvelde in die wêreld en letterlik 'n geestelike woestyn. Uit 'n bevolking van 60 miljoen is 0,66% Christene. Vir elke Christen is daar 11 Moslems. Daar is meer Boeddhiste as Christene. Daar is meer astroloë, fortuinvertellers en okkulte praktisyns as kerkleiers en mediese dokters. Ongeveer 4 miljoen mense is alkoholiste. Minstens 40 000 jongmense probeer selfmoord pleeg en is totaal agterdogtig oor die evangelie en Christene. Nogtans is die deur steeds oop om daar te werk en kom mense steeds tot bekering. (Aksie 1:8, Posbus 15769, Sinoville, 0129. Tel.: 012 808 0457, fax: 012 808 0966. Webtuiste: www.aksie18.co.za of epos: aksie18@mweb.co.za). Bid dat die mense wat in Frankryk woon, ontvanklik sal word om die evangelie aan te neem. Bid vir diegene wat wel vir Christus volg om 'n dieperwordende verhouding met God te hê en meer bewus daarvan sal raak om uit te reik en die lewens aan te raak van die mense om hulle wat sonder God is.

Woensdag 21 Mei 2008

Sel- en huisgroepbyeenkomste

Elke week, meestal op 'n Woensdag, kom Christene in informele groepies bekend as selgroepe of huiskerke bymekaar vir onderlinge gemeenskap en gesamentlike gebed. Dra hierdie byeenkomste in gebed aan God op dat daar 'n groter fokus op aktiewe gebed vir kwessies van die dag sal kom. Vra dat God deur Sy Heilige Gees mense sal bedien en vir hulle sal wys dat Sy weë beter is as ons weë en sodat meer mense op Hom sal vertrou ten spyte van die realiteit van hulle omstandighede. Bid vir hernieude ywer onder Christene om met die evangelie uit te reik na ander.

***Hopegivers International* versorg prostitute in Indië se kinders**

'n Christen-welsynsorganisasie uit die VSA beplan om 300 kinders van prostitute in die suide van Indië in hulle sorg te neem. Sommige van die kommersiële sekswerkers het die organisasie versoek om hulle kinders te neem en in Hope Homes in Indië, wat deur *Hopegivers* geborg word, te laat grootword. Die huise verskaf kos, klere, huisvesting en onderwys aan behoeftige, wees- of verlate kinders. (Webtuiste: http://www.christiantoday.com/article/hopegivers.international.to.take.in.300.sex.workers.children.in.india/16231.htm). Dank die Here vir hierdie en ander soortgelyke ondernemings in antwoord op baie gebede. Bid dat hulle langtermyndoel, om 'n gemeenskapsentrum met 'n skool en kinderhuis vir die kinders op te rig, binnekort in werking sal kom sodat ouers ook hulleself sal kan onderhou.

Donderdag 22 Mei 2008

Die antwoord lê in hulle kosblikke

Navorsing toon dat meer as 22% van meisies en 17% van seuns in die primêre skool, sowel as 30% van tienermeisies en amper 10% van tienerseuns in Suid-Afrika oorgewig is. Slegs 58% van jongmense eet vrugte en groente vier keer of meer per week, terwyl meer as 25% gereeld gaskoeldrank drink en lekkers eet. (Webtuiste: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=125&art_id=vn20080108022157166C323559). Bid dat ouers meer bewus sal raak van hulle eie en hulle kinders se eetpatrone, beide diegene wat ooreet of die wat nie genoeg het om te eet nie. Ook dat daardie kinders gehoorsaam aan hulle ouers sal wees en sal leer om goeie oppassers van hulle liggame te wees.

Guiqiong

Volgens 'n 1983-studie is daar 7 000 Guiqiong-mense in China. Die Guiqiong, wat in naam Tibetaanse Boeddhiste is, het geen begrip van die evangelie of die Naam van Jesus Christus nie. Hulle is reeds eeue lank afgesny van die boodskap van die ewige lewe. (*Peoples of the Buddhist Worl*d, Paul Hattaway, bl. 69). Vra vir die Here om die harte van baie Christene met liefde en deernis vir hierdie mensegroep aan te raak. Bid dat hulle bymekaar sal kom en by die Here sal hoor hoe om die Guiqiong-mense in China oor die volgende tien jaar te bereik.

Vrydag 23 Mei 2008

SA troepe bly langer in Burundi

Die mandaat van ongeveer 1 000 Suid-Afrikaanse soldate wat in Burundi ontplooi is, gaan verleng word namate pogings momentum kry om die Palipehutu-FNL groep – die laaste oorblywende rebellegroep – sover te kry om weer by die vredesproses aan te sluit. 'n Skietstakingsooreenkoms is in September 2006 met die regering gesluit, maar die implementering het tot stilstand gekom toe die FNL hom in Julie verlede jaar uit samesprekings onttrek het. Die *Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW)* het die eerste keer in November 2001 troepe in Burundi ontplooi. (Webtuiste: http://iafrica.com/news/sa/444635.htm). Bid vir die Suid-Afrikaanse troepe in Burundi, dat hulle in hierdie tyd 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus Christus sal hê. Bid ook vir die Christene onder hulle, om die tyd wat oor is uit te koop om Christus aan ander in Burundi te bedien, veral op regeringsvlak.

Kampala Children's Centre (KCC)

Gedurende 2007 het die *Kampala Children's Centre (KCC)* hulle eerste "kampus" van vyf huise vir wees- en verlate kinders geopen. Tans word daar 57 kinders tussen die ouderdomme van twee en vyftien jaar deur huisouers by die sentrum versorg. Daar is ook 30 ander mense wat deel is van hulle plaaslike gemeenskap se ondersteuningsprogram. Nog vier huise, asook twee kleineres vir babas, word tans opgerig. 'n Kleuterskool en skool word ook beplan. Dank God vir *KCC* se werk om huisvesting, veiligheid en gesinne te voorsien vir kinders in nood in Uganda. Bid asseblief dat al *KCC* se planne in die komende jaar goed sal vorder en dat hulle selfs nog meer kinders sal kan bystaan wanneer hulle geboue voltooi is. Bid vir die nodige voorsiening vir die skool- en plaasprojekte soos hulle ontwikkel. (*Children at Risk Prayer News*. Webtuistes: www.viva.org, www.facesofchildren.net of e-pos: pray@viva.org, info@facesofchildren.net).

Saterdag 24 Mei 2008

Groener aan die ander kant

Besighede in Suid-Afrika kan strenger regulering en "groen" belastings verwag namate die regering sy pogings verskerp om die vrystelling van kweekhuisgasse te beperk. Besighede kan aanvaar dat die regering toenemend kweekhuisgasse sal assesseer, moniteer en reguleer, volgens die minister van omgewingsake en toerisme. Daar sal in die toekoms ook 'n baie strenger raamwerk van regulasies en 'n hoë prys op koolstof wees. (Webtuiste: http://secure.financialmail.co.za/07/1130/features/ffeat.htm). Iemand het onlangs gesê dat as ons nie ons verantwoordelikheid nakom om die omgewing as Christenbesigheidsmense op te pas nie, die regering dit moet doen. Laat ons vir die sakewêreld bid, veral vir Christensakemense, om ook op hierdie vlak in die samelewing die leiding te neem as deel van hulle getuienis en verantwoordelikheid.

Colombia

Ongeveer 15 600 Guambiano-mense woon in die sentrale gebied van die Andesgebergte. Radioprogramme word in die Guambiano-taal gemaak en sluit in die oudio- Guambiano Nuwe Testament, Bybelonderrigmateriaal, preke en musiek. Twee nie-Christen jong mans het vir 'n lid van die vertaalspan gesê: "Al die Guambiano's luister na die stasie omdat dit in ons taal is." Bid dan dat namate baie die Woord van God hoor, die Heilige Gees hulle in die reddende geloof in Jesus sal inlei. (*Wycliffe International*. Webtuiste: http://www.wycliffe.net/home/tabid/347/Default.aspx, e-pos: info_wbti@wycliffe.net of jan_crowell@wycliffe.net).

Sondag 25 Mei 2008

Hoe die Heilige Gees lewens in die geskiedenis en tot vandag toe verander

Handelinge 14: Hy sal jou 'n duidelike begrip gee van hoe Hy werk

Waar Paulus en Barnabas van stad tot stad die evangelie verkondig het, was daar krag in hulle prediking, en gesag om te bevestig wat hulle gesê en gedoen het. In Listra het 'n man wat gebreklik gebore is, hulle hoor praat. Sy geloof het lewend geword en Paulus het gesien dat hy geloof gehad het om genees te word. Toe het hy uitgeroep: "Staan regop, op jou voete!" Die gebreklike man het begin rondstap. Paulus het waarskynlik die man dopgehou terwyl hy gepreek het, maar hy het vir die Heilige Gees gewag vir die regte tyd om met hom te praat. Ons het min mentors vandag wat ons kan leiding gee oor hoe om God deur Sy Heilige Gees prakties te gehoorsaam. Baie van wat ons aangebied word, is nie altyd suiwer nie en fokus baie meer op die mens as op God. Moenie toelaat dat hierdie dinge jou ontmoedig nie. Die Heilige Gees is baie goed daartoe in staat om ons in alle dinge te lei. Jy hoef Hom net te vra. Vra ook vir God dat jy betroubare mentors mag ontmoet by wie jy kan leer. Daar is baie van hulle wat God se weë leer ken het en hulle is dikwels reg onder ons neus! Die beste manier om hulle uit te ken is dikwels die blote feit dat niemand hulle raaksien nie! Hulle is nederig en stil en soms lag mense agteraf vir hulle. Hierdie mense is God se juwele.

Vader, ons harte is honger en dors om U weë waarlik te leer ken. Praat met ons soos U in hierdie gedeelte met Paulus gepraat het. Dat ons sal weet wat en hoe om te bid oor klein en groot dinge sodat U Naam verheerlik kan word.

Maandag 26 Mei 2008

Rooftogte in Suid-Afrika

Volgens die polisie het rooftogte by huise en besighede en die kaping van vragmotors tussen April en September 2007 toegeneem. Die polisie berig dat moord, verkragting, poging tot moord, aanranding met die doel om ernstige liggaamlike leed te berokken, gewone aanranding, verswarende roof en gewone roof oor dié ses maande afgeneem het. (Webtuiste: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=nw20071206114107727C267255&newslett=1&em=177813a1a20080109ah). Dank die Here vir die beantwoording van baie gebede oor misdaad in ons land. Laat ons nooit mismoedig word nie, maar volhard in gebed dat God die gety in Suid-Afrika sal omkeer en dat al daardie misdadigers Hom van aangesig tot aangesig sal ontmoet en getuies sal word van hoe God hulle lewens verander het.

***G20* bekommerd oor energie**

Leiers van die wêreld se 20 grootste ekonomieë, die *G20*, wat amper 90% van die wêreldekonomie en twee derdes van die wêreldbevolking en -handel verteenwoordig, het die behoefte aan nuwe energiebronne beklemtoon namate die wêreld-ekonomiese groei aanhou vasloop teen hoë oliepryse. Daar is aansienlike ruimte om nuwe markte in ander energiebronne te ontwikkel. Daar was ook 'n bespreking oor keuses in biobrandstowwe, 'n beter energiemengsel ensovoorts. (Webtuiste: http://business.iafrica.com/news/679294.htm). Bid vir hierdie leiers, dat hulle 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus Christus sal hê. Bid ook vir wysheid om nuwe markte in addisionele kommoditeite te ontwikkel waarby veral die armes en behoeftiges baat sal vind.

Dinsdag 27 Mei 2008

Roep uit tot God ter wille van die kinders

Daar verdwyn elke ses uur 'n kind in Suid-Afrika. Die hoof van *Missing Children SA* sê hy het 24 gevalle van vermiste kinders oor die feestyd ontvang. Twee is dood gevind, terwyl 14 veilig aan hulle gesinne terugbesorg is. Van die ander agt kan nog nie rekenskap gegee word nie. Statistiek dui daarop dat kinders wat van die huis af wegloop, 80% van die vermiste kinders uitmaak, terwyl 15% verdwaal raak. (Webtuiste: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=vn20080105091855888C509627&newslett=1&em=177813a6a20080105ah). Dank die Here vir elke kind wat veilig aan hulle gesinne terugbesorg is! Laat ons aanhou om tot God te roep omtrent kinders se benarde situasie, ook vir beter huislike omstandighede sodat hulle nie sal wil wegloop nie. Laat ons verder ook bid dat ouers 'n groter bewustheid sal hê om na hulle kinders om te sien sodat hulle nie so maklik verdwaal en weg sal raak nie.

Hdzanggur van China

Die etniese groep Hdzanggur in China bestaan uit ongeveer 5 000 mense. Hierdie feitlik onbekende mensegroep woon in 'n afgeleë deel van die suidoostelike Qinghai-provinsie, noordoos van Dawu op die oewers van die Geelrivier. Die Hdzanggur is vurige Tibetaanse Boeddhiste. Die evangelie van Jesus Christus het nog nooit deurgedring tot hierdie deel van die wêreld wat geografies, polities en geestelik so afgesonderd is nie. Sover bekend was daar nog nooit 'n lid van die Hdzanggur wat 'n Gelowige was nie. (*Peoples of the Buddhist World*, Paul Hattaway, bl. 97) Laat ons ernstig bid dat hierdie situasie binne die volgende twee jaar sal verander. Roep tot God om guns aan sendelinge te verleen sodat hulle hierdie verafgeleë gebied kan binnegaan en uit die staanspoor die goeie gesindheid van die inwoners kan geniet sodat hulle na die evangelie sal luister en dit sal aanneem.

Woensdag 28 Mei 2008

Frankryk bie vir SA reaktors

'n Konsortium onder leiding van 'n Franse kernreus is besig om gereed te maak om vir twee derdegeslag-kernreaktors te tender wat in Suid-Afrika gebou gaan word. Suid-Afrika wil twee nuwe kernreaktors bou om in die stygende vraag na elektrisiteit te voorsien en het ook 'n tweede maatskappy versoek om 'n aanbod te maak. Die Franse is besig om twee tweedegeslag-kernreaktors naby die *Koeberg-kragstasie* naby Kaapstad te bou.

Webtuiste: http://business.iafrica.com/news/814686.htm). Dank die Here vir planne om die stygende vraag na elektrisiteit te oorkom. Bid asseblief vir wysheid vir almal wat by die planne betrokke is, en dat hulle ook al die moontlike gevolge en risiko's in ag sal neem.

Ole mense van Bhoetan

'n Afgeleë gebied in sentraal-Bhoetan is die tuiste van 'n klein etniese groep genaamd Ole. Hulle bewoon die suidoostelike deel van Bhoetan se Wangdue Phodrang-distrik. Hulle beweer almal dat hulle Boeddhiste is, maar in werklikheid het hulle bloot hierdie geloof by hulle eeue oue sjamanistiese rituele en opvattings gevoeg. Die Christelike geloof het nog geen invloed op hierdie klein, fassinerende mensegroep gehad nie. (*Peoples of the Buddhist World,* Paul Hattaway, bl. 214). Dit beteken dat daar geen Christene in hierdie etniese groep is nie. Roep tot die Here vir 'n spoedige deurbraak in hierdie groep volgens Sy belofte dat mense van elke stam, taal en nasie Hom uiteindelik sal aanbid!

Donderdag 29 Mei 2008

Church Planting Alliance

Bid asseblief dat *Vision Renewal* se afrigters toegerus en gemobiliseer sal word om kerke by te staan om hulle kerklike welstand te verbeter en gemeentes te vermeerder. *OC Africa* in vennootskap met die *Church Planting Alliance (CPA)* fasiliteer die voortgesette opleiding vir *Vision Renewal* se afrigters. Bid asseblief vir doeltreffende opleiding en afrigting om die Liggaam van Christus te versterk. (Karl R. Teichert [Direkteur Suidelike Afrika], Privaatsak X09, Suite 168, Weltevreden Park, 1715. Tel.: 011 794 8001/4, faks: 011 794 8002, sel: 072 477 2950. Webtuiste: www.ocafrica.net of e-pos: teichert@attglobal.net of skype: kteichert).

Deurbraak met tuberkulose (TB) nodig

Toe die *Wêreldgesondheidsorganisasie* in 1993 aangekondig het dat tuberkulose as 'n wêreldwye noodsituasie behandel moet word, was die internasionale gemeenskap se reaksie stadig en ongekoördineerd. Hoewel daar aanvanklik vordering gemaak is met die beheer van die siekte, het die voorkoms van 'n dodelike MIV-TB-kombinasie en uitgebreide middelweerstandige stamme van TB beteken dat 'n ernstiger en meer aggressiewe strategie noodsaaklik is om die wêreld se tweede grootste aansteeklike siekte te beveg. (Webtuiste: http://www.scidev.net/ms/tuberculosis/index.cfm?pageid=727). Bid asseblief vir God se genade vir wetenskaplikes om spoedig 'n deurbraak in hierdie veld te sien. Bid ook vir hulle vir insig in die verband tussen TB en MIV/VIGS en hoe om hierdie toestand effektief te behandel.

Vrydag 30 Mei 2008

Koste van basiese goedere aan die styg

Verbruikersgroepe en unies doen 'n oproep om staatsingryping in die skerp stygende koste van basiese voedsel, brandstof en elektrisiteit, en het gewaarsku dat die verhogings huishoudings verder in armoede gaan dompel. Vleispryse styg aanhoudend sedert die einde van 2007. (Webtuiste: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=vn20080110041250598C483787&newslett=1&em=177813a6a20080110ah). Hou aan bid dat mense die wysheid sal hê oor hoe om hulle geld te bestee en nie net van die regering sal verwag om hulle uit alle moeilikhede te red nie. Bid ook dat die regering sonder versuim sy verantwoordelikheid in hierdie opsig sal nakom. Bid vir meer leraars en predikers om met groot vrymoedigheid te praat oor hoe ons goeie rentmeesters van ons besittings moet wees en ons begroting op God se manier sal opstel.

***Ethnê* onbereikte groepe-projek: Mins bereikte nasies van die Amerikas/Karibiese gebied**

Studente, immigrante-gemeenskappe en inheemse volke bly 'n uitdaging vir die evangelie op hierdie rykste kontinent van die wêreld en die ekonomiese enjin waarvan die wêreldekonomie vir groei afhanklik is. Minder as 15% van die internasionale studente in die Verenigde State vandag kom met enige Christen-bediening in aanraking. Bid dat God op bonatuurlike wyse dit sal bewerk dat die harte van die ouer geslag die gawes van die jonger generasie sal begryp en waardeer. Bid ook dat die jongmense die oueres sal waardeer en respekteer.

(Webtuiste: http://www.ethne.net/Helps/Regions of www.joshuaproject.net/ethne_globalregion.php, e-pos: ethne06@ethne.net).

Saterdag 31 Mei 2008

Tekort aan verpleegkundiges met ISE-vaardighede

Hospitale worstel met 'n akute tekort aan bekwame verpleegkundiges om in intensiewesorgeenhede (ISE's) te werk. Dit veroorsaak 'n risiko vir pasiënte en jaag die koste van gesondheidsorg die hoogte in, volgens 'n nasionale ouditverslag in *SA Medical Journal*. (Webtuiste: http://www.businessday.co.za/articles/dailymailer.aspx?ID=BD4A680836). Mense wonder dikwels hoe en waarvoor om te bid. Om regtig prakties te kan wees met betrekking tot die behoeftes wat elke dag ervaar word, hoef 'n mens net uit die koerant te bid! Laat ons met vrymoedigheid voor God se troon van genade kom en vra dat meer jongmense na vore sal kom om hulle as verpleegkundiges of spesialisverpleegkundiges in ISE te bekwaam. Bid ook dat baie dit ook as 'n geleentheid sal sien om Christus aan mense in nood te bedien.

Geletterdheid: Wes-Afrika

'n Lid van 'n vertaalspan het onlangs 'n plaaslike geletterdheidsprojek besoek en vir hulle van die gedrukte materiaal gewys wat die span geproduseer het. Die lede van die projek was baie gretig om eksemplare van die storieboekies en eerste leesboeke in hulle eie dialek te kan kry. Vra die Here om die projeklede se pogings te seën wanneer hulle hierdie materiaal gebruik om ander te leer lees. Bid dat baie mense in hierdie gebied sal leer lees en dus gereed sal wees om ook die Skrif te kan lees wanneer dit beskikbaar is. (*Wycliffe International*. Webtuiste: http://www.wycliffe.net/home/tabid/347/Default.aspx, e-pos: info_wbti@wycliffe.net of jan_crowell@wycliffe.net).

Sondag 1 Junie 2008

Hoe die Heilige Gees lewens in die geskiedenis en tot vandag toe verander

Handelinge 15: Hy sal jou help om die regte besluit te neem

Een van die grootste voordele van 'n lewe met die Heilige Gees is dat ek nie alleen besluite hoef te neem nie. Ek het 'n Onderwyser, 'n Gids en 'n Raadgewer om my op elke tree van die pad te help. Hy is meer as 'n adviseur. Hy is 'n vennoot in die beslissing oor elke saak. Toe die kerk in Jerusalem 'n brief aan die nie-Joodse Gelowiges uit die heidene in Antiogië gestuur het, het hulle iets van enorme belang gesê. Hulle het gesê: "Die Heilige Gees en ons het besluit …" (**Hand.15:28**). Laat die Gees van God toe om meer as 'n metgesel te wees. Laat Hom toe om deel te hê aan jou besluitneming. Dit is veral wonderlik om te sien hoe jong Christene God in elke besluit raadpleeg, selfs in besluite wat vir ons onbelangrik lyk! Nogtans is deel van hierdie onskuldige en volledige afhanklikheid van God en die leiding van Sy Heilige Gees presies wat ons benodig om in ons lewens te bly selfs al is ons ouer in jare of volwasse Christene. Wag jy nog steeds op die Here voordat jy tot optrede oorgaan? Nie alle besluite verg 'n 40 dae-vastyd of 'n deurnag van gebed nie, maar alle besluite vereis 'n oorgawe aan die Heilige Gees om ons te weerhou van besluite wat vir onsself en ander skadelik kan wees. Wil jy nie 'n paar minute afstaan en nadink oor hoe jy besluite neem nie?

Vader van heerlikheid, hoe begeer ek nie om elke besluit in my lewe volledig aan U te kan oorgee nie. Dat alles wat U Gees my lei om te doen ook vir my goed en reg sal wees. Ek bid dat U my daaraan sal herinner om stil te staan en vir U opdrag te wag elke keer as ek besluite moet neem, van die eenvoudigstes tot die uiters moeilikes!

Maandag 2 Junie 2008

Internetgebruik in Suid-Afrika neem toe

Internetgebruik in Suid-Afrika is vinnig aan die toeneem, volgens statistiek wat onlangs deur die *Online Publishers Association (OPA)* bekendgemaak is. Die jongste syfers weerspieël Internetgebruik vir die derde kwartaal (Julie, Augustus en September) verlede jaar en toon dat die aantal aanlyngebruikers met omtrent drie miljoen vermeerder het. In 2006 is 4,8 miljoen gebruikers aangeteken. Verlede jaar was daar 'n groei van amper 163%, met 7,8 miljoen aanlyngebruikers aangeteken. (Webtuiste:

http://www.ioltechnology.co.za/article_page.php?iArticleId=4208486&iSectionId=2884). Dank die Here vir meer mense wat oor die geld beskik om geleenthede soos die Internet te benut. Moet ook nie nalaat om te bid dat hulle verstandig sal wees in die keuse van webwerwe wat hulle besoek nie, en dat hulle nie by aanlyndobbelary of pornografie betrokke en verslaaf sal raak nie.

China

China het die wêreld se grootste weermag, die minste skuld van al die lande ter wêreld, die mees winsgewende ekonomie, die grootste valutareserwes ter wêreld, die moedertaal wat deur die meeste mense ter wêreld gepraat word. Ongeveer 1,3 biljoen mense is Chinese. Baie glo dat dit 'n kairos-tydperk vir China is, of 'n tyd van geleentheid wat God bestem het waar China se duisende jaar oue geskiedenis sy bestemming bereik. Die groei van die Chinese kerk sedert 1977 is so enorm dat dit ongeëwenaar is in die geskiedenis. (Webtuiste: http://www.24-7prayer.com/cm/content/795, e-pos: rewind@24-7prayer.com). Bid vir God-geïnspireerde wysheid in Christene se harte in hierdie tyd, ook met betrekking tot die komende Olimpiese Spele wat in China gehou gaan word. Al is daar so baie Christene, sterf miljoene nog sonder Christus.

Dinsdag 3 Junie 2008

Eagles Rising Opleidingsentrum

Een van die grootste behoeftes onder die jongmense in ons nasie is volwassenes wat omgee en langs hulle kan stap, vir wie hulle kan vertrou, met wie hulle kan praat en so hulleself en hulle wêreld kan ontdek. *Eagles Rising Opleidingsentrum* doen 'n beroep op volwassenes om hulle studente "aan te neem". Enige volwasse Christen beskik reeds oor die basiese ouerskapsvaardighede wat nodig is om 'n student te help om te ontwikkel. (*Eagles Rising Training Centre*. Tel.: 021 856 4486; faks: 021 856 4485. Webtuiste: www.eaglesrising.org.za of e-pos: office@eaglesrising.org.za). Dank die Here vir hierdie en ander soortgelyke bedienings. Vra dat God vrywilligers sal stuur om hulp te verleen met hierdie missie om jongmense te mentor om tot hulle volle Godgegewe vermoë te ontwikkel.

Afrika se oumas maak die kinders groot

Mumo is 'n "vigs-ouma" in Kibera, een van Afrika se grootste krotstede. Soos ander oumas regoor Afrika, het sy die taak om na weeskinders om te sien nadat haar eie kinders en man dood is. Op die een of ander manier huisves sy vier kleinkinders, twee agterkleinkinders en die kind van 'n oorlede familielid. Hulle slaap op matrasse en twee beddens. Daar is geen toilet of lopende water nie. Volgens die *Verenigde Nasies (VN)* het minstens 12 miljoen kinders in Afrika een of albei ouers as gevolg van vigs verloor. Dit is 80% van alle vigswesies in die ontwikkelende wêreld.

Webtuiste: http://www.iol.co.za/html/frame_babynet.php?art_id=iol1196334384955A326&newslett=1). Dank die Here vir 'n getuienis soos hierdie waar iemand vir weeskinders sorg. Roep asseblief tot God omtrent die benarde posisie van weeskinders. *Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan* … (**Jak.1:27**).

Woensdag 4 Junie 2008

Mercy Ministries South Africa (MMSA)

MMSA grond hulle missie op **2 Korintiërs 5:17-20**, en streef daarna om versoening te bevorder en hoop vir die toekoms te bring. Naweekwerksessies fokus op Bybelse versoening en die herstel van verhoudings. Bid vir die werksessies, vir doeltreffende opvolgwerk, vir die span wat dit aanbied en vir 'n leefstyl van ware versoening by deelnemers. (*Mercy Ministries South Africa*, Posbus 2148, Rensburg 1439. Sel: 079 516 5428, faks: 086 647 1522. Webtuiste: www.mercy.givengain.org of e-pos: mercyminsa@lantic.net).

Afrika se ekonomieë die beste in 30 jaar

Volgens die *Internasionale Monetêre Fonds (IMF)* toon onlangse ekonomiese prestasie dat Afrika suid van die Sahara sy sterkste groei en laagste inflasie in meer as 30 jaar ondervind. Daar is ook 'n positiewe vooruitsig vir 2008 met die verwagting dat die groei in die bruto binnelandse produk (BBP) sal versnel en dat inflasie verder sal daal. (Webtuiste: http://business.iafrica.com/news/907390.htm). Dank die Here vir hierdie getuienis. Laat ons

volhard in gebed dat mense op grondvlak ook op praktiese maniere by hierdie veranderings sal baat in ooreenstemming met die behoeftes wat hulle voel.

Donderdag 5 Junie 2008

Valcare Trust

Valcare Trust is 'n niewinsgewende Christen-organisasie met die oogmerk om armoede in die Paarlvallei te verminder. Hulle funksie is om as 'n inligtings- en netwerkorganisasie op te tree, en verskaf dienste aan kerke, projekte of organisasies, besighede en ander diensverskaffers. Dank die Here vir diegene wat bereid is om uit te reik in projekte om die fisiese omstandighede van mense in hierdie gebied te verbeter. Bid dat meer mense by hierdie projek betrokke sal raak en dat dit veel vrug sal dra. (*Valcare Trust*, Louie Straat 2, Paarl, 7646. Tel.: 021 872 2365, faks: 021 872 2376. Webtuiste: www.valcare.org.za of e-pos: admin@valcare.org.za).

***Trans World Radio (TWR)* loods twee nuwe projekte**

Bid asseblief vir *Projek Hannah*, wat vanjaar van stapel gestuur gaan word met 'n spesifieke fokus om vroue in Afrika te bereik en hulle te help om hulle waarde as mense in God se oë te besef. Hulle het verder ook 'n uitreikprogram na jeugdiges en bendelede. Bid asseblief dat hierdie program ook op ander radiostasies uitgesaai sal word en werklik die harte en lewens van jongmense sal aanraak. Die radiosenders in Benin is voltooi en mense in Portugal berig dat hulle dit ook kan hoor! Dank God dat Hy altyd meer doen as wat ons kan verwag of ooit aan kan dink om te vra. (*TWR,* Privaatsak 987, Pretoria, 0001. Tel.: 011 974 2886, faks: 011 974 9960. Webtuiste: www.twr.org.za of e-pos: bbooyens@twr.org.za. Luister na *TWR* op die Internet of DStv oudiokanaal 155).